# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## Filosofie 110 (FIL 110)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Programme** | BA Beeldende Kunste |
| | BA Geesteswetenskappe |
| | BA Regte |
| | BA Tale |
| | BA Verlengde program |
| | BA Visuele Studies |
| | BPolSci Internasionale Studies |
| | BPolSci Politieke Studies |
| | BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies |
| | BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie |
| | BSc Inligting- en Kennisstelsels |
| | BSc Rekenaarwetenskap |
| | LLB Regsgeleerdheid |
| | BDiv |
| | BTh |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| | Fakulteit Regsgeleerdheid |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week, 1 besprekingsklas per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Filosofie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Inleiding tot die Filosofie Die twee semestermodules in die eerste jaar bied studente ? inleiding tot die vier hoof-onderafdelings van Filosofie, te wete epistemologie, metafisika, etiek, en politieke filosofie. Hierdie module bied, ’n inleiding tot twee van hierdie onderafdelings. Studente moet die Departement Filosofie kontak om vas te stel watter twee onderafdelings in watter semester aangebied word, aangesien die keuse mag wissel van tyd tot tyd op grond van beskikbaarheid van onderrigpersoneel. Studente sal bekendgestel word aan die aard van filosofiese nadenke deur ’n aantal klassieke filosofiese temas in elke onderafdeling te ondersoek. Regdeur die module word daar aandag gegee aan die ontwikkeling van daardie kritiese denk-, lees- en skryfvaardighede wat in die Filosofie vereis word, terwyl studente bekendgestel word aan die krag van kritiek as onderskeidingsvermoë en oordeelkundigheid.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.